# PINKSTER 2024

## Opstandingsperspectief



12-15 MEI 2024


Opstandingsperspektief
1. ROME & JODE



Opstandingsperspectief
2. CLAVIUS


Opstandingsperspektief
3. MARIA


Opstandingsperspektief
4. BARTOLOMEUS

2 Die name van die twaalf apostels was: in die
eerste plek Simon, wat ook Petrus genoem word,
en sy broer Andreas; 3 Jakobus seun van
Sebedeus, en sy broer Johannes; Filippus en
Bartolomeus; Tomas en Matteus die tollenaar;
Jakobus seun van Alfeus, en Taddeus; 4 Simon
die Kananeër, en Judas Iskariot wat vir Jesus
verraai het.

Matteus 10:2-4



47 Toe Jesus vir Natanael na Hom toe sien
aankom, sê Hy van hom: “Hier is 'n ware
Israeliet, 'n man in wie daar geen bedrog is nie.”
48 Natanael vra Hom toe: “Waarvandaan ken U
my?” “Voordat Filippus jou geroep het,”
antwoord Jesus hom, “toe jy nog onder die
vyeboom was, het Ek jou al gesien.”
49 Toe roep Natanael uit: “Rabbi, U is die Seun
van God; U is die Koning van Israel!”
Johannes 1:47-49



54 Toe die lede van die Joodse Raad dit hoor, het
hulle van woede op hulle tande gekners. 55 Maar
Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk
na die hemel en die heerlikheid van God gesien
en Jesus wat aan die regterhand van God
staan. 56 "Kyk," het hy gesê, "ek sien die hemel
geopen en die Seun van die mens wat aan die
regterhand van God staan."

Handelinge 7:54-60

57Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk.
Soos een man het hulle op hom afgestorm, 58hom uit
die stad uitgesleep en gestenig. Die getuies het hulle
klere neergesit by 'n jongman met die naam Saulus.
59Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep:
"Here Jesus, ontvang my gees!"
60Toe het hy op sy knieë neergesak en hard
uitgeroep: "Here, moet hulle tog nie hierdie sonde
toereken nie!" Met hierdie woorde het hy gesterwe.

Handelinge 7:54-60

12 Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my
oorgekom het, juis die verkondiging van die
evangelie bevorder het. 13 Dit het daarop
uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die
ander nou besef dat dit ter wille van Christus is
dat ek 'n gevangene is. 14 Deur my boeie is die
meeste broers ook in hulle vertroue op die Here
gesterk, en hulle waag dit al hoe meer om die
woord van God onbevrees te verkondig.

*Filippense 1:12-26*

15 Daar is wel party wat Christus verkondig omdat
hulle jaloers op my is en iets teen my het, maar
ander doen dit met opregte bedoelings.
16 Laasgenoemdes verkondig Christus omdat hulle
my liefhet en weet dat dit my taak is om die
evangelie te verdedig; 17 maar eersgenoemdes
maak Christus bekend uit selfsugtige en onsuiwere
bedoelings. Hulle oogmerk is om die
gevangenskap vir my nog swaarder te maak.

Filippense 1:12-26

18 Maar wat maak dit saak? In elk geval, of dit met
bybedoelings is of in opregtheid, op allerhande
maniere word Christus bekend gemaak, en
daaroor is ek bly. En ek sal my ook verder verbly,
19 want ek weet dat alles op my redding sal uitloop
omdat julle vir my bid en die Gees van Jesus
Christus my bystaan. 20 Dit is my vurige verlange,
en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen
waaroor ek my sal hoef te skaam nie.

*Filippense 1:12-26*

Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle
vrymoedigheid deur my hele wese Christus
verheerlik in lewe en in sterwe, 21 want om te lewe,
is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.
22 As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met
vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie.
23 Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen
te gaan en met Christus te wees, want dit is
verreweg die beste;

Filippense 1:12-26

24 maar in julle belang is dit noodsaakliker dat
ek bly lewe. 25 Omdat ek hiervan oortuig is, weet
ek dat ek sal bly, ja, vir julle almal behoue sal bly,
sodat julle kan toeneem in geloof, en blydskap
in julle geloof kan hê. 26 As ek weer by julle kom,
sal julle oorvloedige rede hê om Christus Jesus
oor my te prys.

*Filippense 1:12-26*


NIE NET BEREID OM TE STERF VIR
JESUS NIE, MAAR BEREID OM TE LEEF!

# PINKSTER 2024

# Opstandingsperspectief

12-15 MEI 2024

